LUGTOEDIENING: Stel alle inwoners in die nabye omgewing van die lugbespuitingsarea in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Voorkom besoedeling en wegdrywe van spuitnewel na water of aangrensende gewasse en gebiede.

- Hanteer die produk versigtig.
- Mag moontlike ligte oogirritasie veroorsaak.
- Giftig vir vis en waterorganismes. Moenie oor oop waterbronne toedien nie.
- Voordelige Insekte: “Matig Giftig vir Bye”.
 - ❖ Hierdie produk is giftig vir bye wanneer hul aan direkte bespuiting, of nat spuitresidu, blootgestel word.
 - ❖ Moenie direk op kolonies of aktiewe bye spuit nie.
 - ❖ Spuit gedurende nag op gewasse in blom of waar ‘n gewas binne 500 m van die area wat bespuit moet word, in blom is.
 - ❖ Laat minstens ‘n periode van 3 ure tussen toediening en bye aktiwiteit toe.
 - ❖ **DELEGATE® 250 WG** sal nie met byaktiwiteite inmeng na afdroog van spuitreste nie.
 - ❖ Studies het geen nadelige invloed op die bykorwe getoon nie.

Stel bure, byeboere asook plaaslike voorligters in kennis voordat in die nabyheid van gewasse in blom, toegedien word. **DELEGATE® 250 WG** het slegs 'n geringe invloed op bye, nadat die spuitstof afgedroog het.

- Parasiete: “Effens skadelik”
- Predatoryte: “Veilig tot effens skadelik vir sommige spesies”.
- Predatoriese Kewers bv. Coccinillidae: “Relatief skadeloos”.
- Mierleeus (Neuroptera): “Relatief skadeloos”.
- Roofwantse: “Relatief skadeloos”.

Nadat spuitresidu's afgedroog het is die werking van **DELEGATE® 250 WG** hoofsaaklik gebaseer op inname. Die kontak effek op voordelige insekte behoort dan van korte duur te wees.

- Berg in 'n koel, droë plek en verwyderd vanaf voedsel en veevoer.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.

Herbetredingsperiode:

Tensy beskermende klere gedra word, moenie 'n behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag afgedroog het nie.

VRYWARING:

Alhoewel hierdie middel omvattend in 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit in alle omstandighede doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande; die kwaliteit van die verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie; die moontlikheid dat die plaag weerstand kan bied teen die betrokke middel; die metode, die tyd en die akkuraatheid van die toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei of aan die omgewing of vir nadelige uitwerking op mens of dier nie; vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings ten opsigte van die betrokke middel na te kom nie, óf die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMATREËLS

VOORKOMENDE VERKLARING (S):

Versamel verspilde produk.

Raak ontslae van houer en/of inhoud in ooreenstemming met toepaslike regulasies.

Berg altyd in die oorspronklike ge-etiketeerde houer. Die houer moet toe wees en moet in 'n droë, koel, goed geventileerde stoorplek geberg word, wat te alle tye gesluit is. Berg verwyderd van voedsel en voer.

Vermy die inaseming van sproeinewel.

Was met water en seep in geval van toevallige kontak met vel.

Dra handskoene en 'n gesigskerm wanneer hanteer word.

Vermy vel- en oogkontaminasie. In geval van toevallige oogkontak, spoel oë met lopende water vir ongeveer 15 minute. Verkry mediese hulp indien oogirritasie nie sou opklaar nie.

Moenie eet, drink of rook terwyl gemeng of toegedien word nie.

Tydens vermenging of toediening moet die hande en gesig altyd gewas word voordat geëet, gedrink, gerook of die toilet besoek word.

Vermy wegdrywing van spuitnewel na aangrensende gewasse, weidings, riviere of damme.

Maak alle toerusting skoon voordat vir ander middels gebruik word en gooi spoelwater weg in reeds gespuite area waar dit nie gewasse, weiding, riviere, damme en waterbronne sal besoedel nie.

Ledig houers deur dit vir ongeveer 30 sekondes omgekeer te hou totdat die uitvloei van die inhoud tot 'n stadige drup verlangsaam. Spoel die leë houer daarna drie maal uit met water gelykstaande aan ongeveer 10 % van die volume van die houer en voeg die spoelwater by die inhoud van die spuitenk. Vernietig die leë houer deur gate in te kap, plat te slaan en te begrawe. Moet nooit leë houers vir enige ander doel aanwend nie.

Voorkom die besoedeling van kos, voedingstowwe, drinkwater en eetgerei tydens opberging, hantering en wegdoening.

RELEVANTE STOWWE

KOMPONENT	CAS NO	Konsentraat (% w/w)
Spinetoram J & L (CAS # 187166-40-1 & 187166-15-0)	935545-74-7	24,96
Spinosyn D	131929-63-0	0,0291
Vetsuurchloriede; C18 onversadig, reaksieprodukte met natrium N-metieltaurinaat	Nie toegeken nie	>= 3 - < 10
Stowwe met 'n werkplek blootstelling limiet:		
Kaolien	1332-58-7	>= 30 - < 40

EERSTEHULPMAATREËLS

Inaseming

Verskuif die persoon na vars lug toe.

Indien persoon nie asemhaal nie, ontbied noodreaksie of ambulans, pas kunsmatige asemhaling toe; indien mond-tot-mond asemhaling toegepas word, gebruik redderbeskerming (sakmasker, ens.).

Kontak die gifbeheersentrum of geneesheer vir behandelingsadvies.

Velkontak

Verwyder besmette klere. Was die vel onmiddellik met seep en baie water vir minstens 15 – 20 minute. Kontak 'n gifbeheersentrum of geneesheer vir behandelingsadvies.

Oogkontak:

Hou oë oop en spoel stadig en sagkens met water vir 15 – 20 minute. Verwyder kontaktense, indien gedra word, na die eerste 5 minute; hou aan om oë te spoel. Kontak 'n gifbeheersentrum of geneesheer vir behandelingsadvies. 'n Gepaste nood oogwasfasiliteit behoort by werksplek te wees.

Inname

Geen mediese behandeling is nodig nie.

NOTA AAN GENEESHEER

Geen spesifieke teenmiddel nie. Behandeling van blootstelling moet gerig wees op die beheer van simptome en die kliniese toestand van die pasiënt. Hou die Veiligheidsdatablad, en indien beskikbaar, die produkhouer of etiket by jou wanneer jy 'n gifbeheersentrum of dokter bel of vir behandeling gaan.

Weerstandbestuur van insekmiddels

Insekdoders word geklassifiseer op grond van hul werkingswyse. ("Mode of Action"). **DELEGATE® 250 WG** is geklassifiseer as 'n spinosin (IRAC subgroep 5) insekdoder. Moenie **DELEGATE® 250 WG** meer as vier (4) maal op enige gewas per seisoen toedien nie. Gebruik insekdoders van 'n ander chemiese groep indien meer as vier (4) toedienings benodig word.

Enige insekpopulasie mag individue met 'n natuurlike weerstand teen **DELEGATE® 250 WG** of ander insekdoders binne dieselfde chemiese groep insluit. Indien **DELEGATE® 250 WG**, of insekdoders van dieselfde chemiese groep, herhaaldelik oor lang periodes, of teen opeenvolgende generasies van insekte aangewend word, sal die weerstandbiedende individue uiteindelik oorheersend in die populasie voorkom. Hierdie weerstandbiedende insekte sal nie deur **DELEGATE® 250 WG**, of ander insekdoders binne dieselfde chemiese groep, beheer word nie. Plaaslike kundiges moet oor 'n weerstandstrategie of oor aanbevelings in die verband geraadpleeg word. Dit is bekend dat weerstand van insekte en myte teen insek- en mytdoders ook as gevolg van verhoogde metabolisme, verlaagde penetrasie of veranderde gedragspatroon kan ontstaan. Hierdie tipe weerstand hou nie verband met enige werkingswyse-klassifikasie nie,

maar sal spesifiek wees tot 'n bepaalde middel of chemiese groepering. Ten spyte van bogenoemde, bly die afwisseling van middels tussen verskillende chemiese groepe steeds 'n lewensvatbare anti-weerstandstegniek.

Om insekweerstand te vertraag

- Vermy die eksklusiewe gebruik van insekdoders van dieselfde subgroep.
- Moenie insekdoders teen laer dosisse, as wat op die etiket voorgeskryf word, aanwend nie.
- Rig toedienings verkieslik en waar enigsins moontlik, teen die jonger larwale- of die eierstadium van 'n betrokke plaag.
- Sluit ook ander bewese landboukundige of biologiese beheerpraktyke by geïntegreerde plaagbestuursprogramme in.

Geïntegreerde Plaagbestuursprogram (GPB)

DELEGATE® 250 WG kan in GPB programme van verskeie gewasse aanbeveel word, veral waar die voorkoms van plaegemonitor word en toedienings eers oorweeg word wanneer die ekonomiese drempelwaarde vir die plaeg op die betrokke gewas bereik is.

Behalwe dat **DELEGATE® 250 WG** die plaeg wat as voedselbron vir voordelige insekte dien, beheer, het **DELEGATE® 250 WG** wat binne GLP aangewend word, nie 'n beduidende nadelige invloed op parasitiese en predatoriese insekte en myte soos skilpadkewers, goudogies, roofwantse, predatoriese myte ens. nie. Alhoewel **DELEGATE® 250 WG** as "skadelik" vir parasiete geklassifiseer word, het veldstudies getoon dat populasies weer vinnig na bespuiting herstel.

Indien **DELEGATE® 250 WG** met ander insekdoders, wat die selektiwiteit van **DELEGATE® 250 WG** ten opsigte van die voordelige insekte benadeel, gemeng word, sal die voordeel van **DELEGATE® 250 WG** in die GPB program nie ten volle benut kan word nie.

LUGTOEDIENING

DELEGATE® 250 WG kan slegs deur 'n geregistreerde Lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- Volume: 'n Spuitmengsel volume van 30 liter per ha word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- Druppel bedekking: 30 – 40 druppels per cm² moet op die teikenarea herwin word.
- Druppelgrootte: 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 250 tot 280 mikrons word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- Vlieghoogte: Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 tot 4 meter. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik, uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.

- Plaas al die atomiseerders in die binneste 60 tot 75 % van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg.
- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihiogrameter, moet nie 8°C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die windspoed 15 km/h oorskry.
- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot volgende probleme aanleiding gee:
 - verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken),
 - skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.

Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die Lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui.

DELEGATE® 250 WG is 'n water disperseerbare korrel, wat vooraf met water vermeng moet word om deur middel van konvensionele spuitapparaat as loof-toedienings op plante toegedien te word.

DELEGATE® 250 WG werk deur middel van kontak aksie en inname. Larwes wat blootgestel word aan die produk hou dadelik op om te voed, maar dit mag tot drie (3) dae neem voor mortaliteit intree. Goeie bedekking van die teikenarea is belangrik.

Menginstruksies:

DELEGATE® 250 WG alleen:

Vul die spuittenk tot die helfte van die totale volume water benodig. Voeg die verlangde hoeveelheid **DELEGATE® 250 WG** in die spuittenk terwyl die water aanhoudend geroer word en die tenk verder tot die verlangde volume aangevul word. Handhaaf roering gedurende bespuiting om univorme verspreiding van die middel in die tenk te verseker. Vermy die terugvloei van water of spuitmengsel na die waterbron.

Mengbaarheid, pH en tenkvermenging:

Moenie **DELEGATE® 250 WG** met modderige water vermeng nie. Alhoewel pH van spuitmengsels nie 'n invloed op die aanvanklike uitklopwerking van **DELEGATE® 250 WG** het nie, sal spuitmengsels met 'n lae pH waarde (< pH 5) die residuele werking van **DELEGATE® 250 WG** benadeel. Buffer-middels is oor die algemeen nie nodig nie. Versuringsmiddels of produkte wat die spuitmengsel tot onder pH 5 sal versuur (bv. Fosfonate, hoë konsentrasies van blaarvoedings, ens.) moet vermy word of terug gebuffer word tot pH 5 - 8. Optimum werking van **DELEGATE® 250 WG** word by pH 5 - 8 verkry.

Die mengbaarheid mag beïnvloed word deur die formulering van die ander produkte asook die kwaliteit van die water. Indien die mengbaarheid onbekend is moet 'n fisiese mengbaarheidstoets op klein skaal, in die regte verhoudings, gedoen word alvorens die middels in die tenk gevoeg word.

DELEGATE® 250 WG is mengbaar met ligte en medium smalbestek minerale olie op sitrus. Raadpleeg die minerale olie etikette aangaande hul gebruik.

In die geval van blaarvoedings moet 'n afsonderlike verenigbaarheidstoets vir elke tipe blaarvoedingsprodukt, in die betrokke water gedoen word.

In die geval van tenkmengsels word hewige en deurlopende roering tydens vermenging, vulling en toediening vereis. Terugvloei-pyp met sywaartse uitlate op die bodem van die tenk, verskaf normaalweg die mees doeltreffendste roering. Om die vorming van skuim te beperk, moet enige aksie wat die vermenging van lug met die spuitmengsel veroorsaak, voorkom word.

Mengvolgorde vir Tenkmengsels:

Vul spuitenk tot ongeveer 'n kwart van totale volume spuitwater verlang. Terwyl die inhoud van die spuitenk geroer word, voeg die verskillende formuleringsoorte in volgorde soos hieronder genoem, by die spuitwater in die tenk. Na byvoeging van elke produk, laat voldoende tyd vir volledige vermenging en verspreiding toe, voordat die volgende produk bygevoeg word. Laat addisionele meng- en dispergeringstyd vir waterdispergeerbare produkte toe.

Meng verskillende formulering in die volgende volgorde:

1. Meng **DELEGATE® 250 WG** vooraf met water alvorens dit in die half-vol spuitenk gevoeg word. Terwyl voortdurend geroer word, vul die spuitenk tot driekwart van die totale volume verlang en voeg dan die ander formuleringsoorte soos volg by:
2. Water dispergeerbare korrels (WG) (Na vooraf vermenging met water).
3. Benatbare poeiers (WP) of waterdispergeerbare poeiers (WS) (Na vooraf vermenging met water).
4. Suspensie konsentrate (SC).
5. Ge-enkapsuleerde suspensies (CS).
6. Emulgeerbare konsentrate (EC) of emulsies (olie in water konsentrate) (EW).
7. Blaarvoedingsmiddels – na vooraf vermenging met water.

Terwyl deurlopend geroer word, vul tenk tot verlangde volume. Hou die inhoud van die tenk in roering vir die volle duur van vermenging en bespuiting. In geval van 'n spuitonderbreking terwyl die tenk nog nie leeg is nie, moet die spuitmengsel eers weer deur deeglike roering in suspensie gebring word, voordat bespuiting hervat word. 'n Terugvloei pyp met sywaartse uitlate op die bodem van die spuitenk is baie geskik vir die doel.

Voorafvermenging

Dispergeerbare korrel (WG) en benatbare poeier (WP) formuleringsoorte kan vooraf met water tot 'n pasta vermeng word en deur maas sif, by die spuitwater gevoeg word. Die prosedure verleen sodoende 'n goeie aanvanklike dispergering van die formuleringsoorte.

REËNVASTHEID: Vermoed toedienings indien reën binne 6 ure na toediening verwag word.

TOEDIENING

Deur gebruik te maak van behoorlike toedieningstegnieke word verseker dat deeglike bedekking verkry word en die regte dosisse van **DELEGATE® 250 WG** per ha toegedien word om optimum beheer van insekplae te verseker. Vir die doeltreffende toediening van **DELEGATE® 250 WG** en goeie bedekking van die gewas, moet die volgende faktore in aanmerking geneem word: Die regte grondspoed en kalibrasie, sowel as windspoed, plantgrootte en digtheid van die blaredek.

Toediening op rygewasse:

Gebruik konvensionele grondspuittoerusting wat gekalibreer is om deeglike bedekking van die teikengewas te verseker. Stel die spuitbalk en spuitkoppe so op dat univorme bedekking van die teikengewas verseker word. Om behoorlike bedekking onder sekere toestande te verseker, mag valarms nodig wees. Maak gebruik van holkeël spuitkoppe, gespasioer op die regte hoogte en spuitbalk tussenspasies vir optimale resultate. Volg die instruksies van spuitpompvervaardigers in die verband.

Toediening op Vrugtebome:

Gebruik konvensionele boordspuit toerusting wat op korrekte wyse gekalibreer is om deeglike bedekking van die teikengewas en korrekte dosis per ha te verseker.

Sagtevrugtebome: DELEGATE® 250 WG moet op sagtevrugtebome toegedien word deur gebruik te maak van toerusting en toedieningsmetodes wat sal verseker dat deeglike bedekking van die teikenarea verkry word. Behalwe waar hoëvolume bespuitings spesifiek aanbeveel word, mag laevolume toedienings oorweeg word (maks 4x), op voorwaarde dat die toerusting geskik is of aangepas is vir laevolume toediening, en dat toestande geskik is vir optimale bedekking van die teikenarea.

Die dosis per ha moet volgens die formule vir “*Hoë volume benodig*” (HVB) bereken word deur van “*Unrath se formule*” vir “*Boomry Volume*” (BRV) gebruik te maak.

$$BRV = \frac{\text{Boomhoogte (BH)} \times \text{Boomwydte (BW)} \times 937}{\text{Afstand tussen Rye (RW)}} = \text{HVB in liters per ha}$$

*(Boomhoogte en Boomwydte moet gedurende die somer, wanneer bome in volblad is, bepaal word.)

Voorgestelde toedieningsvolumes (TV) by verskillende groeistadiums en die formule vir die berekening van dosis per ha, gebaseer op Hoëvolume Behoefte (HVB)

Groeistadium	Toedieningsvolume
Bot tot Volblom	60 % x HVB
75 % Blomblaarval tot Een Maand Later (Midseisoen)	80 % x HVB
Midseisoen tot Na-oes, Voor Blaarval	100 % x HVB

$$\text{Dosis per ha} = \frac{\text{HVB (l/ha)} \times \text{Dosis} / 100\text{l}}{100}$$

Toediening op Tafeldruiwe:

DELEGATE® 250 WG moet in hoë volume op tafeldruiwe toegedien word. Die hoeveelheid **DELEGATE® 250 WG** per ha moet verkieslik volgens die hoë volume behoefte, vir 'n bepaalde groeistadium, bepaal word. Die volgende kan as riglyne dien:

Groeistadium	Voorgestelde volume spuitstof per ha vir Hoëvolume toediening
2,5 cm tot 25 cm lootlengte	500 – 750 l
25 cm Lootlengte tot net voor blom	750 – 1000 l
Blom tot ertjie korrel stadium	1000 – 1200 l
Ertjiekorrel stadium tot oes	1200 – 1500 l

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
AARTAPPELS Aartappelmot larf (<i>Phthorimaea aperculella</i>) Aartappelmyner (<i>Liriomyza huidobrensis</i>)	150 g/ha ('n Geregistreerde benatter mag bygevoeg word indien nodig)	Dien toe in 'n spuitprogram as 'n volle dekbespuiting teen 500 – 1000 l/ha spuitmengsel elke 7 – 10 dae. Begin toedien wanneer plaë vir die eerste maal opgemerk word of as opvolgbespuitings in 'n spuitprogram na nie-verwante insekdoders soos in anti-weerstandsprogramme vereis word. Dien 'n minimum van twee opeenvolgende bespuitings met DELEGATE® 250 WG toe om doeltreffende beheer van plaë te verseker. Die volume spuitmengsel per ha word bepaal deur die plantgrootte en digtheid van die blaredek. Begin met 'n minimum van 500 l/ha spuitmengsel op jong plante en verhoog die volume tot 'n maksimum van 1000 l/ha namate die planthoogte en digtheid van die blaredek toeneem.
Tamatieblaarmyner mot (<i>Tuta absoluta</i>)	200 g/ha ('n Geregistreerde benatter mag bygevoeg word indien nodig)	Gebruik die korter interval van 7 dae waar die populasiedruk hoog is of wanneer omgewingstoestande die plaag bevorder bv. gedurende somermaande of waar natuurlike vyande total afwesig is.

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
AARTAPPELS (verv.)		<p>Vir die doeleindes van 'n weerstandstrategie moet DELEGATE® 250 WG in nie meer as vier (4) opeenvolgende bespuitings, binne enige periode van 28 dae toegedien word nie. Wissel DELEGATE® 250 WG in die spuitprogram af met nie-verwante insekdoders vir minstens die duur van een generasie van die plaag. Moenie DELEGATE® 250 WG in meer as 'n totaal van vier (4) bespuitings per aanplanting aanwend nie.</p> <p>Erd rye minstens tweekeer per groeiseisoen op (aartappelmot).</p>
<p>AVOKADO'S Blaaspootjie (<i>Thripidae</i> spp)</p> <p>Valskodlingmot (<i>Thaumatotibia leucotreta</i>)</p>	<p>10 g</p> <p>20 g</p>	<p>Begin met toediening sodra blaaspootjies waargeneem word. Dien toe as 'n ligte dekbespuiting. Deeglike bedekking van die teikenarea is noodsaaklik. Herhaal toediening indien nodig.</p> <p>Dien DELEGATE® 250 WG as 'n hoë volume toediening toe wanneer Vals Kodlingmot gewoonlik voorkom. Dien ten minste 2 toedienings toe met 3 – 4 weke tussenposes. Begin toedienings 2 – 3 maande voor oes of volgens monitering. Gebruik produkte met 'n ander werkingswyse indien verdere toedienings benodig word.</p> <p>Weerstandstrategie: Moet nie meer as twee (2) opeenvolgende bespuitings van DELEGATE® 250 WG vir die beheer van Blaaspootjies toedien nie. Moenie meer as vier (4) maal per seisoen in enige blok avokado's toedien nie. Wissel die gebruik van DELEGATE® 250 WG af met geregistreerde insekdoders wat 'n ander werkingswyse het.</p> <p>NOTA: Vermy toedienings terwyl bye aktief is in boord. Dien in die nag toe indien toedienings in die periode nodig is.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
<p>BESSIES Swartbessies, Bloubessies, Aarbeie, Booysebessies, Youngbessie en Frambose Afrika Bolwurm <i>(Helicoverpa armigera)</i></p> <p>Blaaspootjie Verskeie spesies insluitend spesie “Western Flower Thrip” <i>(Frankliniella occidentalis)</i></p>	<p>12 g</p> <p>10 g</p>	<p>Dien DELEGATE® 250 WG as ‘n voldekbepuiting toe wanneer erkende verkenningmetodes aantoon dat die plaaggetalle die voorgeskrewe drempelwaarde bereik of oorskry.</p> <p>DELEGATE® 250 WG as enkel- of korrektiewe bespuiting teen bolwurm is meer effektief teen jonger larwes.</p> <p>‘n Toediening teen Bolwurm sal Blaaspootjie ook beheer.</p> <p>Begin met toediening sodra blaaspootjies waargeneem word. Dien toe as ‘n ligte dekbespuiting. Deeglike bedekking van die teikenarea is noodsaaklik. Herhaal toediening indien nodig.</p> <p>Weerstandstrategie: Moet nie meer as twee opeenvolgende bespuitings van DELEGATE® 250 WG vir die beheer van Blaaspootjies toedien nie. Moenie meer as drie (3) maal per seisoen in enige blok toedien nie. Wissel die gebruik van DELEGATE® 250 WG af met geregistreerde insekdoders wat ‘n ander werkingswyse het.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
<p>GRANATE Blaaspootjies Verskeie spesies insluitend “Western Flower Thrip” (<i>Frankliniella occidentalis</i>)</p> <p>Afrika Bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p> <p>Vals Kodlingmot (<i>Thaumatotibia leucotreta</i>)</p>	<p>10 g</p> <p>12 g</p> <p>20 g</p>	<p>Begin met toediening sodra blaaspootjies waargeneem word. Dien toe as 'n ligte dekbespuiting. Deeglike bedekking van die teikenarea is noodsaaklik. Herhaal toediening indien nodig.</p> <p>Dien DELEGATE® 250 WG as 'n voldekbespuiting toe wanneer erkende verkenningmetodes aantoon dat die plaaggetalle die voorgeskrewe drempelwaarde bereik of oorskry.</p> <p>Nota: DELEGATE® 250 WG as enkel of korrektiewe bespuiting teen bolwurms, is meer effektief teen jonger larwes. 'n Toediening vir die beheer van Bolwurm sal Blaaspootjies ook beheer.</p> <p>Dien toe as 'n hoë volume toediening wanneer die plaag gewoonlik voorkom. Dien ten minste 2 toedienings 3-4 weke uit mekaar toe twee tot drie maande voor oes soos verkenning mag aandui. Indien addisionele toedienings benodig word moet produkte met 'n ander werkingswyse gebruik word.</p> <p>Weerstandstrategie: Vir beheer van Vals Kodlingmot moet DELEGATE® 250 WG in totaal nie meer as twee (2) maal per seisoen toegedien word nie. Moenie meer as drie (3) maal per seisoen in enige blok Granate toedien nie.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
HOPS Afrika Bolwurm <i>(Helicoverpa armigera)</i>	12 g	<p>Dien DELEGATE® 250 WG as 'n voldekbespuiting toe wanneer erkende verkenningmetodes aantoon dat die plaaggetalle die voorgeskrewe drempelwaarde bereik of oorskry.</p> <p>Nota: DELEGATE® 250 WG as enkel of korrektiewe bespuiting teen bolwurms, is meer effektief teen jonger larwes.</p> <p>Weerstandbestuur: Moenie DELEGATE® 250 WG meer as drie maal per seisoen op Hops toedien nie. Wissel die gebruik van DELEGATE® 250 WG met insekdoders wat 'n ander werkingswyse het.</p>
KERNVRUGTE - APPELS en PERE Afrika Bolwurm <i>(Helicoverpa armigera)</i>	12 g	<p>Dien DELEGATE® 250 WG as 'n voldekbespuiting toe wanneer erkende verkenningmetodes aantoon dat die plaaggetalle die voorgeskrewe drempelwaarde bereik of oorskry.</p> <p>Nota: DELEGATE® 250 WG as enkel- of korrektiewe bespuiting teen Bolwurm is meer effektief teen jonger larwes.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
<p>KERNVRUGTE - APPELS en PERE (verv.) Kodlingmot (<i>Cydia pomonella</i>)</p>	<p>16 g (maksimum dosis van 500 g/ha – gebaseer op 2500 l/ha spuitvolume)</p>	<p>Dien DELEGATE® 250 WG as 'n voldekbepuiting toe. Deeglike bedekking van die teikenarea is belangrik.</p> <p>Bespuittings moet aan die begin van 'n motgenerasie, of in die geval van die eerste generasie, teen $\frac{3}{4}$ blomblaarval, 'n aanvang neem. Herhaal toedienings met 14 (veertien) dae tussenposes vir 'n maksimum van 2 (twee) agtereenvolgende bespuittings.</p> <p>Alhoewel DELEGATE® 250 WG teen enige van die Kodlingmotgenerasies aangewend kan word, sal die posisionering van DELEGATE® 250 WG bepaal word deur die spesifieke beheerstrategie wat gevolg gaan word.</p> <p>Wanneer die toediening van DELEGATE® 250 WG op eier uitbroeistadium gerig word (gebaseer op Daggrade Model in boorde onder paringsontwrigting) is die bepaling van "Biofix" en berekening van daaropvolgende eier uitbroeistadium van kardinale belang. Raadpleeg u raadgewer in die verband.</p> <p>Weerstandsbestuur: As weerstandstrategie moet DELEGATE® 250 WG slegs vir beheer van een Kodlingmotgenerasie per seisoen oorweeg word. Geregistreerde produkte met verskillende werkingswyse moet vir die beheer van die ander generasies oorweeg word. Moenie DELEGATE® 250 WG in totaal meer as twee (2) maal per seisoen op Appels en Pere toedien vir beheer van Kodlingmot nie.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
<p>KERNVRUGTE - APPELS en PERE (verv.)</p> <p>Gebande Kalander (<i>Phlyctinus callosus</i>)</p>	<p>16 g (‘n Geregistreeerde benatter mag bygevoeg word indien nodig)</p>	<p>Indien DELEGATE® 250 WG teen die laaste Kodlingmotgenerasie van ‘n seisoen aangewend word, dan moet ‘n produk met ander werkingswyse vir die beheer van die eerste generasie in die daaropvolgende seisoen oorweeg word.</p> <p>Vir weerstandsbestuur moenie DELEGATE® 250 WG meer as drie maal per seisoen op Appels of Pere toedien nie. Wissel die gebruik van DELEGATE® 250 WG af met insekdoders wat ‘n ander werkingswyse het.</p> <p>Dien DELEGATE® 250 WG as ‘n voldekbepuiting toe, maak seker goeie bedekking word verkry. Dien toe sodra monitering van kartonvalle die teenwoordigheid van kalanders aandui, of sodra vreeskade op die laer takke waargeneem word. ‘n Opvolg toediening mag nodig wees binne 14 dae. Kalander infestaties kom gewoonlik vanaf middel Oktober tot die einde van November voor.</p> <p>Moet nie meer as drie DELEGATE® 250 WG toedienings op Appels per seisoen maak nie, insluitend die toedienings vir beheer van Kodlingmot.</p>
<p>KOOLGEWASSE (Alle) Amerikaanse kommandowurm (<i>Spodoptera frugiperda</i>)</p>	<p>100 – 120 g/ha</p>	<p>Dien DELEGATE® 250 WG toe as ‘n voldek bespuiting teen ‘n minimum spuitvolume van 500 l/ha elke 7-10 dae.</p> <p>Bespuitings moet begin sodra die plaag waargeneem word, of dien toe as ‘n opvolgbespuiting in ‘n spuitprogram na insekdoders met ‘n ander werkingswyse soos deur weerstandstrategie bepaal. Dien ‘n minimum van twee agtereenvolgende DELEGATE® 250 WG bespuitings toe om goeie beheer te verseker. Gebruik hoër dosis wanneer ‘n korrektiewe toediening gemaak word. Die laer dosis kan gebruik word vir opvolgbehandelings wanneer produk in ‘n spuitprogram gebruik word.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
<p>KOOLGEWASSE (Alle) (verv.) Amerikaanse kommandowurm (<i>Spodoptera frugiperda</i>)</p>	<p>100 – 120 g/ha</p>	<p>Gebruik die korter interval van 7 dae waar die populasiedruk hoog is of wanneer omgewingstoestande die plaag bevorder bv. gedurende somermaande.</p> <p>Vir die doeleindes van 'n weerstandstrategie moet DELEGATE® 250 WG in nie meer as twee (2) opeenvolgende bespuitings, of in totaal meer as vier maal per seisoen toegedien word nie. Wissel DELEGATE® 250 WG in die spuitprogram af met nie-verwante insekdoders vir minstens die duur van een generasie van die plaag.</p>
<p>MIELIES, SUIKERMIELIES EN SORGHUM Amerikaanse kommandowurm (<i>Spodoptera frugiperda</i>)</p>	<p>100 – 120 g/ha</p>	<p>Moet nie toedien op gewasse onder droogtestres nie, dien DELEGATE® 250 WG toe op aktiefgroeiende plante tot voor die pluim in die vlagblaar van die mielies toegerol is. Behandel alvorens die larwes die stam binnedring, larwes wat reeds die stam binnegedring het sal nie beheer word nie.</p> <p>Gebruik 'n spuitvolume van 300 l/ha. Toediening moet geskied wanneer 10% plante bokhaelskade simptome vertoon. Met suikermielies moet toediening voorkomend geskied of sodra haelskade simptome waargeneem word. Indien larwes groter as 10 mm is en/of wanneer herinfestasië plaasvind, mag 'n tweede toediening 10 tot 12 dae later nodig wees.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
MIELIES, SUIKERMIELIES EN SORGHUM (verv.)		<p>Larwes wat reeds die stam binnegedring het by toediening sal nie beheer word nie. Dien toe bo oor die kelke van plante en verseker goeie bedekking.</p> <p>Nota: Vir die doeleindes van 'n weerstandstrategie moet DELEGATE® 250 WG in nie meer as twee (2) opeenvolgende bespuitings, of in totaal meer as drie (3) maal per seisoen toegedien word nie. Wissel DELEGATE® 250 WG in die spuitprogram af met nie-verwante insekdoders.</p> <p>Moet nie toedien op gewasse onder droogtestres nie, dien DELEGATE® 250 WG toe op aktiefgroeiende plante tot voor die pluim in die vlagblaar van die mielies toegerol is. Behandel alvorens die larwes die stam binnegedring, larwes wat reeds die stam binnegedring het sal nie beheer word nie.</p>
OLYWE Afrika Bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)	12 g	<p>Dien DELEGATE® 250 WG as 'n voldekbepuiting toe wanneer erkende verkenningmetodes aantoon dat die plaaggetalle die voorgeskrewe drempelwaarde bereik of oorskry.</p> <p>Nota: DELEGATE® 250 WG as enkel of korrektiewe bespuiting teen bolwurms, is meer effektief teen jonger larwes.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
<p>OLYWE (verv.) Olyfkewer (<i>Agropistis oleae</i>) (<i>Agropistis sexvittus</i>) (<i>Agropistis capensis</i>)</p>	<p>20 g</p>	<p>Dien DELEGATE® 250 WG as 'n voldekkbespuiting toe, verseker deeglike benatting van die teikenarea.</p> <p>Begin toedienings sodra teenwoordigheid van die kewer of enige skade op blare opgemerk word.</p> <p>Infestaties begin gewoonlik wanneer nuwe blaargoei (groeistuwings) op die bome teenwoordig is. Herhaal toedienings indien nodig.</p> <p>Weerstandbestuur: Moenie DELEGATE® 250 WG meer as drie maal per seisoen op Olywe toedien nie. Wissel die gebruik van DELEGATE® 250 WG af met insekdoders wat 'n ander werkingswyse het.</p>
<p>PERSIMMONS Blaaspootjie Verskeie spesies insluitend "Western Flower Thrip" (<i>Frankliniella occidentalis</i>)</p> <p>Afrika Bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>	<p>10 g</p> <p>12 g</p>	<p>Begin met toediening sodra blaaspootjie waargeneem word. Dien toe as 'n ligte dekbespuiting. Deeglike bedekking van die teikenarea is noodsaaklik. Herhaal toediening indien nodig.</p> <p>Dien DELEGATE® 250 WG as 'n voldekkbespuiting toe wanneer erkende verkenningmetodes aantoon dat die plaaggetalle die voorgeskrewe drempelwaarde bereik of oorskry.</p> <p>DELEGATE® 250 WG as enkel- of korrektiewe bespuiting teen bolwurm is meer effektief teen jonger larwes.</p> <p>'n Toediening teen Bolwurm sal Blaaspootjie ook beheer.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
PERSIMMONS (verv.) Vals Kodlingmot (<i>Thaumatotibia leucotreta</i>)	20 g	Dien DELEGATE® 250 WG as 'n hoë volume toediening toe wanneer Vals Kodlingmot gewoonlik voorkom. Dien ten minste 2 toedienings toe met 3 – 4 weke tussenposes. Begin toedienings 2 – 3 maande voor oes of volgens monitering. Gebruik produkte met 'n ander werkingswyse indien verdere toedienings benodig word. <u>Weerstandsbestuur:</u> Moenie DELEGATE® 250 WG meer as drie maal per seisoen op Persimmons toedienie.
ROOIBOSTEE Afrika Bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)	12 g	Dien DELEGATE® 250 WG as 'n voldekbespuiting toe wanneer erkende verkenningmetodes aantoon dat die plaaggetalle die voorgeskrewe drempelwaarde bereik of oorskry. Nota: DELEGATE® 250 WG as enkel of korrektiewe bespuiting teen bolwurms, is meer effektief teen jonger larwes. <u>Weerstandsbestuur:</u> Moenie DELEGATE® 250 WG meer as drie maal per seisoen op Rooibostee toedienie. Wissel die gebruik van DELEGATE® 250 WG met insekdoders wat 'n ander werkingswyse het.
STEENVRUGTE PERSKES, NEKTARIENS, PRUIME, APPELKOSE EN KERSIES Afrika Bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)	12 g	Moenie meer as 3 (drie) keer per seisoen toedienie. Dien DELEGATE® 250 WG as 'n voldekbespuiting toe wanneer erkende verkenningmetodes aantoon dat die plaaggetalle die voorgeskrewe drempelwaarde bereik of oorskry.

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
<p>STEENVRUGTE PERSKES, NEKTARIENS, PRUIME, APPELKOSE EN KERSIES (verv.) Afrika Bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p> <p>Vals Kodlingmot (VKM) (<i>Thaumatotibia leucotreta</i>)</p>	<p>20 g</p>	<p>Nota: DELEGATE® 250 WG as enkel- of korrektiewe bespuiting teen bolwurm, is meer effektief teen jonger larwes. NB: Larwes moenie langer as 5 mm wees nie.</p> <p>’n Toediening teen Bolwurm sal bydra tot die beheer van Oosterse Vrugtemot, met voorwaarde dat die geregistreeerde dosis vir Oosterse Vrugtemot binne 7 dae na die toediening teen die Bolwurm dosis, toegedien word.</p> <p>Dien DELEGATE® 250 WG toe as ’n voldekbespuiting in een tot drie van die volgende toedienings:</p> <p>Begin toedienings 6 – 8 weke voor oes of sodra gereelde motvangste verkry word. Herhaal toedienings teen VKM met 14 dae tussenposes. Toedienings teen VKM sal ook Kodlingmot en Oosterse Vrugtemot beheer.</p> <p>Nota: Sien "Weerstandstrategie" op Steenvrugte onderaan.</p>
<p>PERSKES EN NEKTARIENS Oosterse Vrugtemot (OVM)</p>	<p>20 g</p>	<p>Dien DELEGATE® 250 WG toe as ’n voldekbespuiting in nie meer as twee (2) opeenvolgende bespuitings nie. In totaal moet daar nie meer as drie (3) toedienings per seisoen toegedien word nie. Herhaal toedienings met veertien (14) dae intervalle of spuit op voorgestelde Daggrade Model (Raadpleeg u adviseur indien u twyfel oor die gebruik van die Daggrade model vir OVM in u area).</p> <p>Toedienings teen OVM sal ook Kodlingmot en VKM beheer.</p> <p>Nota: Sien "Weerstandstrategie op Steenvrugte" onderaan.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
<p>NEKTARIENS, PRUIME EN KERSIES Blaaspootjies (Verskeie spesies insluitend „Western Flower thrips“ – WFT – (<i>Frankliniella occidentalis</i>))</p> <p>Vroeë skade</p>	<p>10 g</p>	<p>Vroeë blaaspootjieskade word normaalweg gedurende vroeë blom tot kort na blom veroorsaak. Skade wat deur „WFT“ veroorsaak word, kan ook as laat infestaties, kort voor oes, voorkom (sien versilwering). Warm weerstoestande bevoordeel blaaspootjie-aktiwiteit. Voorgeskrewe verkenningmetodes moet gevolg word om die aanwesigheid en omvang van die plaag te bepaal.</p> <p>Dien DELEGATE® 250 WG gedurende volblom tot 75% blomblaarval as 'n hoë volume dekbespuiting toe wanneer die plaaggetalle die drempelwaarde bereik of oorskry. Afhangend van die duur van die blomperiode, en die aanwesigheid van blaaspootjies, mag 'n opvolgbespuiting binne 7 – 10 dae nodig wees om voldoende beskerming teen blaaspootjies te verseker.</p> <p>Om blaaspootjie populasies te onderdruk by vroeë blom (10 – 50 % blom) oorweeg om eerder plaagdoders met 'n verskillende werkingswyse te gebruik. Moet nie die boordvloer versteur of onkruidodders toedien tydens die blomperiode nie.</p> <p>Nota: Sien “Weerstandstrategie” op Steenvrugte onderaan.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
<p>NEKTARIENS, PRUIME EN KERSIES (verv.) Versilwering (Voorkoming)</p>	<p>10 g</p>	<p>Dien DELEGATE® 250 WG as 'n hoë volume dekbespuiting toe wanneer die eerste blaaspootjie-aktiwiteit, wat versilwering tot gevolg mag hê, opgemerk word. Hou by voor-oes interval. Vir uitvoer moet vereistes nagekom word.</p> <p>Weerstandstrategie op Steenvrugte: Vals Kodlingmot (VKM), Oosterse Vrugtemot (OVM) en Blaaspootjie: Moenie DELEGATE® 250 WG meer as drie (3) maal per seisoen in enige blok steenvrugte per seisoen toedien nie. Indien die doel is om alleenlik VKM te beheer, moet nie meer as twee opeenvolgende bespuitings toegedien word nie.</p> <p>Wissel die gebruik van DELEGATE® 250 WG binne 'n seisoen af deur gebruik te maak van geregistreerde produkte met 'n verskillende werkingswyse.</p>
<p>SITRUS Afrika Bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)</p>	<p>12 g</p>	<p>Moenie meer as 4 (vier) keer per seisoen toedien nie.</p> <p>Dien DELEGATE® 250 WG as 'n voldekbespuiting toe wanneer erkende verkenningmetodes aantoon dat die plaaggetalle die voorgeskrewe drempelwaarde bereik of oorskry.</p> <p>Nota: DELEGATE® 250 WG as enkel of korrektiewe bespuiting teen bolwurms, is meer effektief teen jonger larwes. 'n Toediening vir die beheer van Bolwurm sal Blaaspootjies ook beheer.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
TAFELDRUIWE Blaaspootjies (Verskeie spesies insluitend “Western Flower Thrips” – WFT (<i>Frankliniella occidentalis</i>))	10 g	<p><u>Vroeë skade:</u> Blaaspootjies en gepaardgaande skade by Tafeldruiwe kom normaalweg gedurende die blomperiode tot kort daarna voor.</p> <p><u>Laat skade:</u> In sommige areas en onder sekere toestande (bv. Langdurige warm en droë toestande) mag blaaspootjies egter later voorkom (normaalweg by deurslaan). Die aanwesigheid van blaaspootjies moet dus op ‘n gereelde basis gemonitor word. Beheermaatreëls moet oorweeg word wanneer die infestasië drempelwaarde bereik of oorskry.</p>
Afrika Bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>)	12 g	<p>Dien DELEGATE® 250 WG as ‘n voldekbepuiting toe wanneer erkende verkenningmetodes aantoon dat die plaaggetalle die voorgeskrye drempelwaarde bereik of oorskry.</p> <p><u>Nota:</u> DELEGATE® 250 WG as enkel of korrektiewe bespuiting teen bolwurms, is meer effektief ten jonger larwes.</p>
Blaaspootjies Voorkoming van Vroeë skade	10 g	<p>Dien DELEGATE® 250 WG as ‘n hoë volume dekbespuiting by 80 % kappieval tot 100% blom, of wanneer erkende verkenningmetodes aantoon dat die plaaggetalle die voorgeskrye drempelwaarde bereik of oorskry. Afhangende van die duur van die blomperiode of aanwesigheid van Blaaspootjies mag ‘n opvolgbespuiting binne 5 – 7 dae nodig wees, om voldoende beskerming teen blaaspootjies te verseker.</p>
Blaaspootjies – Voorkoming van laat skade	10 g	<p>Vir die beheer van laat infestasië dien DELEGATE® 250 WG as ‘n hoë volume dekbespuiting toe wanneer erkende verkenningmetodes aantoon dat die plaaggetalle die voorgeskrye drempelwaarde bereik of oorskry. Hou by vooroes interval. Vir uitvoer moet vereistes nagekom word.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
TAFELDRUIWE (verv.) Afrika Bolwurm <i>(Helicoverpa armigera)</i>	12 g	Dien DELEGATE® 250 WG as 'n voldekkbespuiting toe wanneer erkende verkenningmetodes aantoon dat die plaaggetalle die voorgeskrewe drempelwaarde bereik of oorskry. Nota: DELEGATE® 250 WG as enkel of korrektiewe bespuiting teen bolwurms, is meer effektief ten jonger larwes.
Vals Kodlingmot <i>(Thaumototibia leucotreta)</i>	20 g	Dien DELEGATE® 250 WG as 'n hoë volume toediening toe wanneer Vals Kodlingmot gewoonlik voorkom. Dien ten minste 2 toedienings toe met 3 – 4 weke tussenposes. Begin 8 weke voor oes toedien of volgens monitering.
Gebande kalanders <i>(Phlyctinus callosus)</i>	20 g	Dien DELEGATE® 250 WG as 'n voldekkbespuiting toe, maak seker goeie bedekking word verkry. Dien toe sodra monitering van kartonvalle die teenwoordigheid van kalanders aandui, of sodra vreeskade op die laer take waargeneem word. 'n Opvolgtoediening mag nodig wees binne 14 dae. Kalanders infesties kom gewoonlik vanaf middel Oktober tot die einde van November` voor. Weerstandstrategie: Moet nie meer as twee agtereenvolgende bespuitings van DELEGATE® 250 WG , of in totaal meer as drie maal per seisoen op enige blok Tafeldruiwe toedien nie. Gebruik produkte met 'n ander werkingswyse indien verdere toedienings benodig word.

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
<p>TAMATIES Tamatieblaarmyner mot (<i>Tuta absoluta</i>)</p>	<p>200 g/ha ('n Geregistreeerde benatter mag bygevoeg word indien nodig)</p>	<p>Dien toe in 'n spuitprogram as 'n volle dekbespuiting teen 500 – 1000 l/ha spuitmengsel elke 7 – 10 dae.</p> <p>Begin toedien wanneer plaag vir die eerste maal opgemerk word of as opvolgbespuitings in 'n spuitprogram na nie-verwante insekdoders soos in anti-weerstandsprogramme vereis word. Dien 'n minimum van twee opeenvolgende bespuitings met DELEGATE® 250 WG toe om doeltreffende beheer van plaag te verseker. Die volume spuitmengsel per ha word bepaal deur die plantgrootte en digtheid van die blaredek. Begin met 'n minimum van 500 l/ha spuitmengsel op jong plante en verhoog die volume tot 'n maksimum van 1000 l/ha namate die planthoogte en digtheid van die blaredek toeneem.</p> <p>Gebruik die korter interval van 7 dae waar die populasiedruk hoog is of wanneer omgewingstoestande die plaag bevorder bv. gedurende somermaande of waar natuurlike vyande total afwesig is.</p> <p>Vir die doeleindes van 'n weerstandstrategie moet DELEGATE® 250 WG in nie meer as vier (4) opeenvolgende bespuitings, binne enige periode van 28 dae toegedien word nie. Wissel DELEGATE® 250 WG in die spuitprogram af met nie-verwante insekdoders vir minstens die duur van een generasie van die plaag. Moenie DELEGATE® 250 WG in meer as 'n totaal van vier (4) bespuitings per aanplanting aanwend nie.</p>

GEWAS/PLAAG	DOSIS/100 l WATER	OPMERKINGS
VYE Swart Vyevlieg <i>(Silba adipata)</i> Afrika Bolwurm <i>(Helicoverpa armigera)</i>	12 g	<p>Dien DELEGATE® 250 WG as 'n voldekbespuiting toe.</p> <p>Begin met toedienings sodra die plaë opgemerk word of wanneer infestaties verwag word. Infestaties gewoonlik vanaf September tot Januarie teenwoordig. Herhaal toedienings soos nodig.</p> <p>Weerstandsbestuur: Moenie DELEGATE® 250 WG meer as drie maal per seisoen op vye toedien nie. Indien addisionele beheermaatreëls benodig word, wissel die gebruik van DELEGATE® 250 WG af met insekdoders wat 'n ander werkingswyse het.</p>

Plaaslike noodnommer: +27(0)82-895-0621 (slegs SA)
24 Uur nood Tel No: +32-3-575-5555
Inligtingsnoodlyn: Tel No: +27(0)12 683-5700